„Sewe dae by die Silbersteins"

# HERTZOGPRYS VIR PROSA AAN ETIENNE LEROUX

**Randse Verteenwoordiger**

JOHANNESBURG.

**DIE Hertzogprys vir prosa (1964) is aan Etienne Leroux toegeken op grond van sy boek *Sewe Dae by die Silbersteins,* het die Raad van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns gister aangekondig.**

Die „vertraagde" toekenning geskied ná 'n ligte polemiek en nadat die Fakulteitsraad en die Akademieraad eergister buitengewone vergaderings gehou het.

Etienne Leroux, seun van oud-minister S. P. le Roux, is op Oudtshoorn gebore. Hy het aan die Grey-kollege in Bloemfontein skool gegaan en in 1944 die graad LL.B. aan die Universiteit van Stellenbosch behaal.

## *Gaan boer*

Nadat hy 'n jaar in Bloemfontein aan 'n prokureursfirma verbonde was, het hy in die distrik Koffiefontein gaan boer. Hy is in 1948 met mej. Renee Malherbe getroud en hulle het twee dogters en 'n seun.

In 1954 het hy 'n reis na Europa onderneem wat vyf maande geduur het en waarvan die grootste deel in Parys deurgebring is. Afgesien van *Sewe Dae by die Silbersteins,* het die volgende romans van hom verskyn: *Eerste Lewe van Colet* (1956), *Hilaria* (1957) en *Mugu* (1959).

## *'Ek is bly'*

Prof. dr. N. P. van Wyk Louw het, toe hy gisteraand om kommentaar genader is, gesê: „Ek is bly."

In sy boek *Vernuwing in die Prosa* het prof. Louw van die bekroonde skrywer se vorige werke gesê: „Leroux is 'n meer vashoudende eksperimenteerder wat met elke boek 'n nuwe worp en een of ander soort radikale vernuwing doen . . .

„*Die Mugu.* Vir 'n groot deel, die middelnoot waar hy werklik by die nozems kom — dis vir my, naas *Swart Pelgrim* en *Die Son Struikel* . . . naas 'n paar stukke van Rabie, op die oomblik die grootste belofte van vernuwing wat ons het . . ."

## *Betreur*

Ds D. F. B. de Beer het gisteraand, toe hy om kommentaar genader is, gesê dat hy die boek nog nie self gelees het nie, maar van wat hy daarvan hoor en die paar stukke wat hy daaruit gelees het, betreur hy die feit dat dit bekroon is.

Dr. Jan Kromhout het gesê: „Ek verwelkom die beslissing van die Akademie. Dit is gesaghebbendes wat die besluit geneem het, maar aan die anderkant moet ons die opinie van diegene wat hulle teen die boek uitgespreek het, ook respekteer. Dat **Sewe Dae by die Silbersteins** nie vir die leek en ook nie vir kinders bedoel is nie, staan vas.

„Letterkundige verdienstelikhed besit die boek egter bepaald, ver naamlik die wyse waarop Lerou nuwe temas betree. Daar is gesê da ná André Brink se **Lobola vir di Lewe** die Afrikaanse letterkunde nooi weer dieselfde kan wees nie. **Sewe Dae by die Silbersteins** bevestig hier die opvatting."

Prof. dr. G. Dekker en prof. Abe Coetzee wou geen kommentaar lewe nie.

Prof. T. T. Cloete het gesê dat dit 'n baie delikate aangeleentheid is en dat hy baie graag sy mening wou gee, maar omstandighede laat hom dit nie toe nie.

## *Jammer*

Prof. dr. A. B. de Preez van die Fakulteit van Godgeleerdheid aan die Universiteit van Pretoria, het gesê: **„Sewe Dae by die Silbersteins** het onnodige suggestiewe en pornografiese elemente en sowel uit die letterkundige as die Christelik-morele oogpunt beskou, is dit jammer dat die Akademie die boek bekroon het.

„As ons sulke boeke gaan bekroon, gaan die literêre skoonskrywer in die toekoms volksvyand word. Ons mense moet beskerm word teen dinge wat 'n naaping van die skryfmonde in Europa is."

Dr. F. C. L. Bosman, wat van 1948 tot 1959 sekretaris van die Akademie was, het gesê:

„Ek is bly dat die Akademie die moed gehad het om 'n werk te bekroon wat literêr sonder enige twyfel alle verdienstes daartoe besit. Dit is 'n ryp en eerlike werk vir ryp geeste, en die Akademie is 'n liggaam van volwassenes vir volwassenes.

## *Onryp van gees*

„Hierdie verhaal van die wedergeboorte van 'n jong man in sewe dae is een van die sinrykste in Afrikaans en bevat bladsye van die pragtigste prosa in ons taal.

„Werke van hierdie aard sal egter altyd moeilik verteerbaar wees vir mense wat óf onryp van gees is óf bewuste of onbewuste vrees vir sekere soorte waarhede koester."

Toe hy gisteraand in Kaapstad om kommentaar gevra is, het dr. Abraham Jonker, L.V. vir Fort Beaufort, gesê dat hy nie Etienne Leroux se boek **Sewe Dae by die Silbersteins** gelees het nie. „Maar al sou ek dit gelees het, sou ek verkies het om liewer nie daaroor kommentaar te lewer nie. Ek dink dit is genoeg kommentaar".

Die verhaal van **Sewe dae by die Silbersteins** is kortliks soos volg:

Henry van Eeden, jonk en onskuldig, kom op die landgoed Welgevonden van Jock Silberstein aan om Jock se dogter Salome te ontmoet met die oog op 'n huwelik. Henry ken haar nie, en aan die hand van 'n vae beskrywing begin hy soek — en word só gedompel in die verwikkelde lewe van die grootmens.

Sy soeke na die vrou word 'n lewensoeke waarin hy ontgroen word, stadigaan ingewy word tot 'n wêreld wat boos én skoon is, en waarin hy stuksgewyse sy onskuld prysgee om tot 'n nuwe besef van die soeke na sin te geraak.

Die verhaal aan die oppervlak in **Sewe Dae by die Silbersteins** handel oor die partytjies op die reuse-landgoed, met tussenin Henry se ervarings op die plaas. Die sewe partytjies nem elk 'n ander vorm aan: 'n wellusparytjie, 'n veelrassige joligheid, 'n heidense ritueel, ens.

Daar ontmoet Henry heelwat nuwe mense, word betrek in filosopiese gesprekke en kry 'n breër uitsig op die baie fasette van die lewe. Daar is 'n sterk klem op seks in die werk en Henry se inwyding tot volwassenheid en sy [illegible] hand aan hand.

Die Volksblad Donderdag 28 Mei 1964